## 9 Junie Levitikus 23:15-21

### *Pinkster - Fees van volheid en oorvloed*

Die Jode het Paasfees aan die begin van die oesinsameling gevier. Aan die einde van die oes (vyftig dae later) het hulle Pinksterfees (Wekefees) gevier. Só het hulle die oesinsameling met 'n fees afgerond, 'n Fees ter ere van die Here, omdat hulle Hom dankbaar was vir die oes. Daarom het hulle die eerste brode wat van die graanoes gebak is aan Hom geoffer. Pinksterfees was vir hulle 'n fees van volheid en afronding. God het hulle versorg. Hy het alles gegee wat hulle nodig gehad het vir hulle aardse versorging.

Vir Christene sou hierdie feesdag egter voortaan nuwe betekenis inhou. Christus het nuwe betekenis aan hierdie dag gegee. Hy het sy werk op aarde klaar gemaak. Hy het vir sondaarmense aan die kruis gesterf. Hy het opgestaan uit die dood. Hy het opgevaar na die hemel. En dan, op Pinksterdag, word die Heilige Gees uitgestort. Só het Christus sy werk op aarde voltooi en afgerond. En nou leef ons in die tyd waarin die Heilige Gees werk. Totdat Christus finaal kom om te oordeel oor die lewendes en die dooies. Pinkster is teken van volheid en van oorvloed. Pinkster is teken van God se groot genade en van sy voortdurende bystand. Kind van die Here ... nooit weer alleen nie! Nooit sonder die Gees van die Here nie! Wat méér kan jy begeer?

Sing: Psalm 107:10, 18 Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)